

Republiek van Suid-Afrika

Republic of South Africa



# Staatskoerant Government Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

Prys 10c Price  
Oorsee 15c Overseas  
POSVRY - POST FREE

VOL. 27.]

PRETORIA, 22 SEPTEMBER 1967.  
22 SEPTEMBER

[No. 1850.

## PROKLAMASIES

van die Waarnemende Staatspresident van die  
Republiek van Suid-Afrika.

No. 235, 1967.]

PORT SHEPSTONE.—VERKLARING DAT DIE BEPALINGS VAN DIE WET OP HUURGELDE, 1950, VAN TOEPASSING SAL WEES OP ALLE WONINGS, MOTORHUISE EN MOTORSTAANPLEKKE VIR DIE EERSTE KEER NA DIE TWINTIGSTE DAG VAN OKTOBER 1949 GEOKKUPEER OF GEBRUIK.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1A) van artikel 33 van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), soos gewysig, verklaar ek hierby dat die bepalinge van die genoemde Wet vanaf die een-en-dertigste dag van Julie 1967 *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van—

(a) alle wonings; en

(b) alle motorhuise en motorstaanplekke geleë op enige plek op grond wat deel uitmaak van grond wat geokkupeer word deur of gebruik word in verband met 'n gebou geheel en al of hoofsaaklik vir woondoeleindes geokkupeer of op enige plek binne enige sodanige gebou;

wat vir die eerste keer na die twintigste dag van Oktober 1949 en voor die eerste dag van Junie 1966 geokkupeer of gebruik is en geleë is op enige plek binne die landdrostdistrik Port Shepstone waarvoor 'n huurraad ingestel is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hierdie Vyfde dag van September Eenduisend Negehoonderd Sewe-en-sestig.

J. F. NAUDÉ,

Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade.

W. A. MAREE.

No. 238, 1967.]

BOESMANSRIVIER - STAATSWATERBEHEERGE-  
BIED, DISTRIKTE ESTCOURT EN WEENEN,  
NATAL.—INSLUITING VAN SEKERE GEBIEDE.

Nademaal die gebied wat die Boesmansrivier-staatswaterbeheergebied uitmaak by Proklamasie No. 71 van 1959, omskryf is;

En nademaal die Staatspresident kragtens artikel 59 (1) van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), die proklamasie van sodanige gebied van tyd tot tyd kan wysig of intrek, of sodanige gebied kan verklaar vir doeleindes van òf paragraaf (a) òf paragraaf (b) of vir die doeleindes van beide paragrawe (a) en (b) van artikel 59 (1) van genoemde Wet na gelang van die geval;

—19500

## PROCLAMATIONS

by the Acting State President of the  
Republic of South Africa.

No. 235, 1967.]

PORT SHEPSTONE: DECLARATION THAT THE PROVISIONS OF THE RENTS ACT, 1950, SHALL APPLY IN RESPECT OF ALL DWELLINGS, GARAGES, AND DEMARCATED PARKING SPACES OCCUPIED OR USED FOR THE FIRST TIME AFTER THE TWENTIETH DAY OF OCTOBER, 1949.

Under and by virtue of the powers vested in me by subsection (1A) of section 33 of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), as amended, I do hereby declare that all the provisions of the said Act shall as from the thirty-first day of July 1967 apply *mutatis mutandis* in respect of—

(a) all dwellings; and

(b) all garages and parking spaces situated anywhere upon land forming part of land occupied by or used in connection with any building occupied wholly or principally for residential purposes or anywhere within any such building;

occupied or used for the first time after the twentieth day of October 1949 and before the first day of June 1966 and situated anywhere in the magisterial area of Port Shepstone for which a rent board has been constituted.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Fifth day of September, One thousand Nine hundred and Sixty-seven.

J. F. NAUDÉ

Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council.

W. A. MAREE.

No. 238, 1967.]

BUSHMANS RIVER GOVERNMENT WATER CON-  
TROL AREA, DISTRICTS OF ESTCOURT AND  
WEENEN, NATAL.—INCLUSION OF CERTAIN  
AREAS.

Whereas the area comprising the Bushmans River Government Water Control Area has been defined by Proclamation No. 71 of 1959;

And whereas the State President may, in terms of section 59 (1) of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), from time to time amend or repeal the Proclamation of such area, or declare such an area for the purposes of either paragraph (a) or paragraph (b) or for the purposes of both paragraphs (a) and (b) of section 59 (1) of the said Act, according to the circumstances of the case;

1—1850

En nademaal dit wenslik is om 'n sekere gebied by genoemde Staatswaterbeheergebied vir die doeleindes van beide paragrawe (a) en (b) van artikel 59 (1) van genoemde Wet in te sluit;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid aan die Staatspresident verleen by genoemde artikel 59 (1) van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), hierby verklaar dat met ingang van die datum van publikasie hiervan die gebied beskryf in die bylae hiertoe vir die doeleindes van beide paragrawe (a) en (b) van artikel 59 (1) van genoemde Wet by die Boesmanskivier-staatswaterbeheergebied ingesluit word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Agste dag van September Eenduisend Negehoonderd Sewe-en-sestig.

J. F. NAUDÉ,  
Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade.

J. J. FOUCHÉ.

#### BYLAE.

Die dorpsgebied van Estcourt, distrik Estcourt, Natal (*vide* Proklamasies No. 51 van 1910 en No. 59 van 1951).  
Restant van Wilgenspruit 800, distrik Estcourt, Natal.

No. 239, 1967.]

**INWERKINGTREDING VAN DAARDIE BEPALINGS VAN DIE WET OP MYNREGTE, 1967 (WET NO. 20 VAN 1967), WAT NIE REEDS IN WERKING IS NIE.**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 189 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet No. 20 van 1967), verklaar ek hierby dat die bepalings van gemelde Wet behalwe dié wat met betrekking tot aardolie van toepassing is, op die Eerste dag van Oktober Eenduisend Negehoonderd Sewe-en-sestig in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Negentiende dag van September Eenduisend Negehoonderd Sewe-en-sestig.

J. F. NAUDÉ,  
Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade.

C. DE WET.  
M.M. 109/25, Ref. 1.

## GOEWERMENSKENNISGEWINGS.

### DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 1457.] [22 September 1967.  
LOONWET, 1957.

**LOONRAADONDERSOEK.—KOELKAMER-, SPEKBEREIDING- EN KLEINGOEDERENYWERHEID, SEKERE GEBIEDE.**

Die Loonraad sal op ondervermelde plekke, datums en tye vergader om mondelinge vertoë van belanghebbende partye aan te hoor oor bovermelde ondersoek waarvoor die opdrag by Goewermentskennisgewing No. 979 in die *Staatskoerant* van 30 Junie 1967 gepubliseer is:—

(a) *Port Elizabeth*.—In die Raadskamer, Kamer 183, Northendgoewermentsgebou, Hancockstraat, om 2.30 nm. op 3 Oktober 1967.

(b) *Bloemfontein*.—In die Raadskamer, Kamer 347, Nuwe Landdroshof, Euniceweg, om 10 vm. op 6 Oktober 1967.

(c) *Kimberley*.—In die Raadskamer, Eerste Verdieping, Marksteadgebou, hoek van Markplein en Steadstraat, om 10.30 vm. op 17 Oktober 1967.

(d) *Kaapstad*.—In die Raadskamer, Kamer 213, Thomas Boydellgebou, Paradestraat, om 9 vm. op 19 Oktober 1967.

And whereas it is desirable to include a certain area in the said Government Water Control Area for the purposes of both paragraphs (a) and (b) of section 59 (1) of the said Act;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in the State President by the said section 59 (1) of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), I do hereby declare that as from the date of publication hereof the area described in the schedule hereto shall be included in the Bushmans River Government Water Control Area for the purposes of both paragraphs (a) and (b) of section 59 (1) of the said Act.

Given under my Hand and Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Eighth day of September, One thousand Nine hundred and Sixty-seven.

J. F. NAUDÉ,  
Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council.

J. J. FOUCHÉ.

#### SCHEDULE.

The Borough of Estcourt, District of Estcourt, Natal (*vide* Proclamations No. 51 of 1910 and No. 59 of 1951).  
Remainder of Wilgenspruit 800, District of Estcourt, Natal.

No. 239, 1967.]

**COMING INTO OPERATION OF THOSE PROVISIONS OF THE MINING RIGHTS ACT, 1967 (ACT NO. 20 OF 1967), WHICH ARE NOT ALREADY IN OPERATION.**

Under and by virtue of the powers vested in me by section 189 of the Mining Rights Act, 1967 (Act No. 20 of 1967), I do hereby declare that the provisions of the said Act, other than those applicable in relation to natural oil, shall come into operation on the First day of October, One thousand Nine hundred and Sixty-seven.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Nineteenth day of September, One thousand Nine hundred and Sixty-seven.

J. F. NAUDÉ,  
Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council.

C. DE WET.  
M.M. 109/25, Ref. 1.

## GOVERNMENT NOTICES.

### DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 1457.] [22 September 1967.  
WAGE ACT, 1957.

**WAGE BOARD INVESTIGATION.—COLD STORAGE, BACON CURING AND SMALL GOODS MANUFACTURING INDUSTRY, CERTAIN AREAS.**

The Wage Board will meet at the places, dates and times stated below for the purposes of hearing oral representations from interested parties in connection with the above-mentioned investigation, the reference for which was published under Government Notice No. 979 in the *Government Gazette* of the 30th June 1967:—

(a) *Port Elizabeth*.—In the Board Room, Room 183, Northend Government Building, Hancock Street, at 2.30 p.m. on the 3rd October 1967.

(b) *Bloemfontein*.—In the Board Room, Room 347, New Magistrates Court, Eunice Road, at 10 a.m. on the 6th October 1967.

(c) *Kimberley*.—In the Board Room, First Floor, Markstead Building, corner of Market Square and Stead Street, at 10.30 a.m. on the 17th October 1967.

(d) *Cape Town*.—In the Board Room, Room 213, Thomas Boydell Building, Parade Street, at 9 a.m. on the 19th October 1967.

(e) *Durban*.—In die Raadskamer, Kamer 317, Nuwe Goewermentsgebou, Masonic Grove, om 9 vm. op 26 Oktober 1967.

(f) *Johannesburg*.—In die Raadskamer, Kamer 616, Arbeidsgebou, Breestraat 180, om 10 vm. op 7 November 1967.

J. T. LLEWELLYN,  
Sekretaris, Loonraad.

## DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. 1460.] [22 September 1967.

### RAAD VIR DIE HERVESTIGING VAN BANTOES.—SAMESTELLING.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens artikel 3 (1) van die Wet op die Hervestiging van Bantoes, 1954 (Wet No. 19 van 1954), mnr. Carel Pieter Venter as lid van die Raad vir die Hervestiging van Bantoes aan te stel in die plek van mnr. Abraham Immink wat bedank het, en om, ingevolge genoemde wetsbepaling, mnr. Johannes Stephanus Joubert Burger as plaasvervangende lid aan te stel in die plek van mnr. Carel Pieter Venter wat as lid aangestel is.

Lêer No. A.3/1800.

No. 1461.] [22 September 1967.

### BEPALING VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE SEKGÔPÔSTAM EN INSTELLING VAN DIE SEKGÔPÔSTAMOWERHEID IN DIE GEBIED DUIWELSKLOOF, DISTRIKTE LETABA, SOUTPANSBERG EN PIETERSBURG.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens—

(1) artikel 5 (1) (a) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), die grense van die gebied van die Sekgôpôstam te bepaal ooreenkomstig bygaande bylae;

(2) artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), ten opsigte van voornoemde stam onder kaptein Piet Motshoso Sekgôpô, en ten opsigte van die gebied soos omskryf in voornoemde bylae, 'n stamowerheid in te stel wat bekend sal staan as die Sekgôpôstamowerheid;

(3) artikel 3 (1) van genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, te bepaal dat die stamowerheid, benewens die kaptein van genoemde stam, uit hoogstens 21 raadsmanne bestaan.

Lêer No. F.53/1167/6.

#### BYLAE.

### OMSKRYWING VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE SEKGÔPÔSTAM EN DIE SEKGÔPÔSTAMOWERHEID IN DIE GEBIED DUIWELSKLOOF, DISTRIKTE LETABA, SOUTPANSBERG EN PIETERSBURG.

Begin by die gemeenskaplike baken van die plase Altyd Mooi 379 LT, Boschplaats 407 LT en Boomplaats 408 LT; daarvandaan in 'n suidwestelike rigting al langs die grense van die plase Boomplaats 408 LT, Goedgelegen 409 LT en Rondebosch 824 LS tot by die oostelike baken van die plaas Waterval 827 LS; daarvandaan in 'n noordwestelike rigting al langs die grens van die plaas Waterval 827 LS tot by die grens van die plaas Uitspanning 820 LS; daarvandaan in 'n noordelike rigting tot by die grens van die plaas Helpmalkaar 819 LS; daarvandaan in 'n noordwestelike rigting al met die grense van die plase Helpmalkaar 819 LS en Pelgrimsrust 782 LS tot by die gemeenskaplike baken van die plase Pelgrimsrust 782 LS en Roodedraai 378 LT; daarvandaan in 'n suidelike rigting al langs die grens van die plaas Altyd Mooi 379 LT tot by die aanvangspunt.

(e) *Durban*.—In the Board Room, Room 317, New Government Building, Masonic Grove, at 9 a.m. on the 26th October 1967.

(f) *Johannesburg*.—In the Board Room, Room 616, Labour House, 180 Bree Street, at 10 a.m. on the 7th November 1967.

J. T. LLEWELLYN,  
Secretary, Wage Board.

## DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. 1460.] [22 September 1967.

### BANTU RESETTLEMENT BOARD.—CONSTITUTION.

The Acting State President has been pleased to appoint, in terms of section 3 (1) of the Bantu Resettlement Act, 1954 (Act No. 19 of 1954), Mr Carel Pieter Venter member of the Bantu Resettlement Board *vice* Mr Abraham Immink who has resigned, and, in terms of the said statutory provision, to appoint Mr Johannes Stephanus Joubert Burger alternate member *vice* Mr Carel Pieter Venter who has been appointed member.

File No. A.3/1800.

No. 1461.] [22 September 1967.

### DEFINITION OF THE BOUNDARIES OF THE AREA OF THE SEKGÔPÔ TRIBE AND ESTABLISHMENT OF THE SEKGÔPÔ TRIBAL AUTHORITY IN THE DUIWELSKLOOF AREA, LETABA, SOUTPANSBERG AND PIETERSBURG DISTRICTS.

The Acting State President has been pleased, in terms of—

(1) section 5 (1) (a) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), to define the boundaries of the area of the Sekgôpô Tribe in accordance with the accompanying schedule;

(2) section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to establish a tribal authority in respect of the aforesaid tribe under Chief Piet Motshoso Sekgôpô and in respect of the area as defined in the aforesaid schedule, to be known as the Sekgôpô Tribal Authority;

(3) section 3 (1) of the Bantu Authorities Act, 1951, to determine that the tribal authority shall, in addition to the Chief of the said tribe, consist of not more than 21 councillors.

File No. F.53/1167/6.

#### SCHEDULE.

### DEFINITION OF THE BOUNDARIES OF THE AREA OF THE SEKGÔPÔ TRIBE AND THE SEKGÔPÔ TRIBAL AUTHORITY IN THE DUIWELSKLOOF AREA, DISTRICTS OF LETABA, SOUTPANSBERG AND PIETERSBURG.

Beginning at the beacon common to the farms Altyd Mooi 379 LT, Boschplaats 407 LT and Boomplaats 408 LT; thence in a south-westerly direction along the boundaries of the farms Boomplaats 408 LT, Goedgelegen 409 LT and Rondebosch 824 LS to the easterly beacon of the farm Waterval 827 LS; thence in a north-westerly direction along the boundary of the farm Waterval 827 LS to the boundary of the farm Uitspanning 820 LS; thence in a northerly direction to the boundary of the farm Helpmalkaar 819 LS; thence in a north-westerly direction along the boundaries of the farms Helpmalkaar 819 LS and Pelgrimsrust 782 LS to the beacon common to the farms Pelgrimsrust 782 LS and Roodedraai 378 LT; thence in a southerly direction along the boundary of the farm Altyd Mooi 379 LT to the point of commencement.

No. 1462.] [22 September 1967.  
**INSTELLING VAN DIE GWAMASENGAGEMEENS-  
 SKAPSOWERHEID IN DIE DISTRIK SIBASA.**

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om—

(1) kragtens artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), soos gewysig, 'n gemeenskapsowerheid, wat bekend sal staan as die Gwamasengagemeenskapsowerheid, in te stel vir die Vendastamme ten opsigte van die Bantoegebied aan hulle toegewys, soos omskryf in bygaande bylae; en

(2) kragtens artikel 3 (1) van genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, te bepaal dat die Gwamasengagemeenskapsowerheid, benewens die voorsitter, uit hoogstens 9 raadsmanne bestaan. F53/1616/30.

**BYLAE.**

**OMSKRYWING VAN DIE GRENSE VAN DIE  
 GEBIED VAN DIE GWAMASENGAGEMEENS-  
 KAPSOWERHEID, DISTRIK SIBASA.**

Die gebied in die distrik Sibasa, bestaande uit die volgende Suid-Afrikaanse Bantoe-trustplaae:—

Reubander 21 LT.

No. 1465.] [22 September 1967.  
**VERANDERING VAN DIE GEBIED VAN DIE  
 BALOYISTAMOWERHEID. — DISTRIK LETABA  
 ONDER KAPTEIN FOFOZA MAMUTWA.**

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 5 (1) (a) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), gelees met artikel 2 (3) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing No. 455 van 29 Maart 1957 ooreenkomstig bygaande bylae.

F.53/1167/8.

**BYLAE.**

Skrap die woorde en syfers „Trustplaae: Radoo 240”, in paragraaf 2 van Bylae A.

No. 1466.] [22 September 1967.  
**VERANDERING VAN DIE GEBIED VAN DIE  
 LEBOWA - GEBIEDSOWERHEID. — NOORDELIKE  
 GEBIEDE.**

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikels 2 en 17 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing No. R. 1274 van 10 Augustus 1962 ooreenkomstig bygaande bylae.

F.56/4.

**BYLAE.**

1. Voeg na paragraaf (1) (viii) die volgende nuwe subparagraaf in:—

„(ix) die Mapulanastreeksowerheid, distrik Pelgrimsrus, soos bekendgemaak by Goewermentskennisgewing No. 1867 van 9 November 1962; en”.

2. In die bylae voeg in regulasie 3 (1) (b) I die volgende nuwe subparagraaf in:—

„(vii) die Mapulanastreeksowerheid; en”.

No. 1462.] [22 September 1967.  
**ESTABLISHMENT OF THE GWAMASENGA COM-  
 MUNITY AUTHORITY IN THE SIBASA DISTRICT.**

The Acting State President has been pleased, in terms of—

(1) section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), as amended, to establish a community authority, to be known as the Gwamasenga Community Authority, for the Venda Tribes in respect of the Bantu area assigned to them as defined in the accompanying schedule;

(2) section 3 (1) of the said Bantu Authorities Act, 1951, to determine that the Gwamasenga Community Authority shall, in addition to the chairman, consist of not more than 9 councillors. F53/1616/30.

**SCHEDULE.**

**DEFINITION OF THE BOUNDARIES OF THE  
 AREA OF THE GWAMASENGA COMMUNITY  
 AUTHORITY IN THE SIBASA DISTRICT.**

The area in the Sibasa District, consisting of the following South African Bantu Trust farm:—

Reubander 21 LT.

No. 1465.] [22 September 1967.  
**AMENDMENT OF THE AREA OF THE BALOYI  
 TRIBAL AUTHORITY. — LETABA DISTRICT,  
 UNDER CHIEF FOFOZA MAMITWA.**

The Acting State President has been pleased in terms of the powers vested in him by section 5 (1) (a) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), read with section 2 (3) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to approve the amendment of Government Notice No. 455, dated 29 March 1967, in accordance with the accompanying schedule.

F.53/1167/8.

**SCHEDULE.**

Delete the words and numerals “Trustfarm: Radoo 240”, in paragraph 2 of Schedule A.

No. 1466.] [22 September 1967.  
**MODIFICATION OF THE AREA OF THE LEBOWA  
 TERRITORIAL AUTHORITY. — NORTHERN  
 AREAS.**

The Acting State President has been pleased in terms of the powers vested in him by sections 2 and 17 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951) to approve the amendment of Government Notice No. R. 1274, dated 10 August 1962, in accordance with the accompanying schedule.

F.56/4.

**SCHEDULE.**

1. Insert after paragraph (1) (viii) the following new subparagraph:—

“(ix) the Mapulana Regional Authority, Pilgrim's Rest District, as made known by Government Notice No. 1867, dated 9 November 1962; and”.

2. In the schedule insert in regulation 3 (1) (b) I the following new paragraph:—

“(vii) the Mapulana Regional Authority; and”.



No. 1467.] [22 September 1967.

BEPALING VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE AMANDEBELE-ABA-GA-MANALA-STAM EN INSTELLING VAN DIE AMANDEBELE-ABA-GA-MANALA-STAMOWERHEID IN DIE GEBIED BRONKHORSTSPRUIT, DISTRIK GROBLERSDAL.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens—

(1) artikel 5 (1) (a) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), die grense van die gebied van die Amandebele-aba-ga-Manala-stam te bepaal ooreenkomstig bygaande bylae;

(2) artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), ten opsigte van die gebied toegewys aan kaptein William Mabhena van die Amandebele-aba-ga-Manala-stam en omskryf in voornoemde bylae, 'n stamowerheid in te stel wat bekend sal staan as die Amandebele-aba-ga-Manala-stamowerheid; en

(3) artikel 3 (1) van genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, te bepaal dat die stamowerheid benewens die kaptein van genoemde stam uit hoogstens 35 raadsmanne bestaan.

F.53/1095/1.

## BYLAE.

GEBIED VAN DIE AMANDEBELE-ABA-GA-MANALA-STAM ONDER KAPTEIN WILLIAM MABHENA EN DIE AMANDEBELE-ABA-GA-MANALA-STAMOWERHEID, GEBIED BRONKHORSTSPRUIT, DISTRIK GROBLERSDAL.

Die stamgedeeltes C en D van die plaas Roodekoppies 167 JR (ook bekend as Rooikoppen 10 of Rooikoppies 10), die Trustplaas Troya 151 JR en Allemansdrift 162 JR.

No. 1468.] [22 September 1967.

WYSIGING VAN DIE GEBIED VAN DIE NYABANASTAMOWERHEID, DISTRIK LETABA, ONDER KAPTEIN MAPHETO WILSON MABUNDA.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om—kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 5 (1) (a) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), en artikel 2 (3) en 3 (1) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermementskennisgewing No. 452 van 26 Maart 1959 ooreenkomstig bygaande bylae.

F.53/1167/5.

## BYLAE.

1. In paragraaf (3) vervang die woorde „uit minstens 3 en hoogstens 6 raadsmanne moet bestaan” deur die woorde „uit hoogstens 6 raadsmanne bestaan.”

2. In die bylae voeg by „Trustplaas Radoo 682 LT.”

No. 1487.] [22 September 1967.

INSTELLING VAN DIE SIMDLANGENTSHA-STREEKSOWERHEID IN DIE DISTRIK PIET RETIEF.—WYSIGING VAN GOEWERMEMENTSKENNISGEWING No. 1600 VAN 18 OKTOBER 1963.

Die het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2 (1) (b) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermementskennisgewing No. 1600 van 18 Oktober 1963, ooreenkomstig bygaande bylae.

F.55/8/12.

## BYLAE.

1. In paragrafe (a), (b), (c) en (d) vervang die syfers „1262” deur „1264”.

2. In paragrafe (a), (b), (c) en (d) vervang die syfers „1962” deur „1961”.

No. 1467.] [22 September 1967.

DEFINITION OF THE BOUNDARIES OF THE AREA OF THE AMANDEBELE-ABA-GA-MANALA TRIBE AND ESTABLISHMENT OF THE AMANDEBELE-ABA-GA-MANALA TRIBAL AUTHORITY IN THE BRONKHORSTSPRUIT AREA, GROBLERSDAL DISTRICT.

The Acting State President has been pleased, in terms of—

(1) section 5 (1) (a) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), to define the boundaries of the area of the Amandebele-aba-ga-Manala Tribe in accordance with the accompanying schedule;

(2) section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to establish a Tribal Authority in respect of the area assigned to Chief William Mabhena of the Amandebele-aba-ga-Manala Tribe and defined in the aforementioned schedule, to be known as the Amandebele-aba-ga-Manala Tribal Authority;

(3) section 3 (1) of the said Bantu Authorities Act, 1951, to determine that the tribal authority shall, in addition to the Chief of the said tribe, consist of not more than 35 councillors.

F.53/1095/1.

## SCHEDULE.

AREA OF THE AMANDEBELE-ABA-GA-MANALA TRIBE UNDER CHIEF WILLIAM MABHENA AND THE AMANDEBELE-ABA-GA-MANALA TRIBAL AUTHORITY, BRONKHORSTSPRUIT AREA, GROBLERSDAL.

The tribal portions C and D of the farm Roodekoppies 167 JR (also known as Rooikoppen 10 or Rooikoppies 10), the Trust farms Troya 151 JR and Allemansdrift 162 JR.

No. 1468.] [22 September 1967.

AMENDMENT OF THE AREA OF THE NYABANA TRIBAL AUTHORITY, LETABA DISTRICT UNDER CHIEF MAPHETO WILSON MABUNDA.

The Acting State President has been pleased, in terms of the powers vested in him by section 5 (1) (a) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), and section 2 (3) and 3 (1) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to approve the amendment of

Government Notice No. 452, dated 26 March 1959, in accordance with the accompanying Schedule.

F.53/1167/5.

## SCHEDULE.

1. In paragraph (3) substitute for the words “of not less than 3 and not more than 6 Councillors” the words “of not more than 6 Councillors.”

2. In the schedule add “Trust farm Radoo 682 LT.”

No. 1487.] [22 September 1967.

ESTABLISHMENT OF THE SIMDLANGENTSHA REGIONAL AUTHORITY IN THE PIET RETIEF DISTRICT.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE No. 1600 OF 18 OCTOBER 1963.

The Acting State President has been pleased in terms of the powers vested in him by section 2 (1) (b) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to approve the amendment of Government Notice No. 1600, dated 18 October 1963, in accordance with the accompanying schedule.

F.55/8/12.

## SCHEDULE.

1. In paragraphs (a), (b), (c) and (d) substitute for the figures “1262” the figures “1264”.

2. In paragraphs (a), (b) (c) and (d) substitute for the figures “1962” the figures “1961”.

No. 1489.] [22 September 1967.

**MUNISIPALITEIT VAN ROUXVILLE.****OMSKRYWING VAN BANTOEWOONGEBIED EN BANTOEDORP.**

Namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling omskryf ek, Barzillai Coetzee, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -onderwys, ingevolge die bepalings van artikel 2 (1) *bis* van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), hierby, soos in die bylae hiervan uiteengesit, die grond geleë binne die regsgebied van die stedelike plaaslike bestuur van Rouxville, wat ingevolge die bepalings van artikel 2 (1) (a) en (b) van genoemde Wet as Bantoe-woongebied en Bantoeoordorp afgesonder en bepaal is.

Goewermentskennisgewing No. 1125 van 11 Augustus 1933 word hierby herroep.

**B. COETZEE,**  
Adjunk-Minister van Bantoe-administrasie  
en -onderwys.

**BYLAE.**

Onderverdeling 9 van die plaas Dorpsgronden van Rouxville 108, groot 137·3430 morg, soos aangetoon op 'n kaart wat deur die Landmeter-generaal onder L.G. 2116/59 goedgekeur is.

Verwysingsnommer A.19/1595.

No. 1489.] [22 September 1967.

**MUNICIPALITY OF ROUXVILLE.****DESCRIPTION OF BANTU RESIDENTIAL AREA AND BANTU VILLAGE.**

On behalf of the Minister of Bantu Administration and Development, I, Barzillai Coetzee, Deputy-Minister of Bantu Administration and Education, in terms of the provisions of section 2 (1) *bis* of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), hereby describe, as set forth in the Schedule hereto, the land situate within the area of jurisdiction of the urban local authority of Rouxville, which has been defined and set apart as a Bantu residential area and Bantu village under section 2 (1) (a) and (b) of the said Act.

Government Notice No. 1125 dated 11th August 1933 is hereby repealed.

**B. COETZEE,**  
Deputy-Minister of Bantu Administration  
and Education.

**SCHEDULE.**

Subdivision 9 of the farm Dorpsgronden van Rouxville 108, measuring 137·3430 morgen, as shown on a diagram approved by the Surveyor-General under S.G. 2116/59.

Reference No. A.19/1595.

**DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.**

No. 1488.] [22 September 1967.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om op 18 Augustus 1967 erkenning aan mnr. Akira Nakayama te verleen as Konsul van Japan in Pretoria met die Republiek van Suid-Afrika as sy regsgebied. Mnr. Nakayama is die opvolger van mnr. S. Ban.

**DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS.**

No. 1488.] [22 September 1967.

The Acting State President has been pleased to grant on 18th August 1967 recognition to Mr Akira Nakayama as Consul of Japan in Pretoria with the Republic of South Africa as his area of jurisdiction. Mr Nakayama is the successor to Mr S. Ban.

**DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.**

No. 1459.] [22 September 1967.

**AANSTELLING VAN WAARNEMENDE MINISTER VAN FINANSIES.**

Hierby word bekendgemaak dat die Waarnemende Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die aanstelling, met ingang van 9 September 1967, van sy Edele J. F. W. Haak as Waarnemende Minister van Finansies gedurende die afwesigheid uit Suid-Afrika van Sy Edele dr. N. Diederichs.

**DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.**

No. 1459.] [22 September 1967.

**APPOINTMENT OF ACTING MINISTER OF FINANCE.**

It is hereby notified that the Acting State President has approved of the appointment, with effect from 9 September 1967, of the Honourable J. F. W. Haak as Acting Minister of Finance during the absence from South Africa of Dr the Honourable N. Diederichs.

**DEPARTEMENT VAN FINANSIES.**

No. 1472.] [22 September 1967.

Hierby word bekendgemaak dat die oordragboeke van ondergenoemde Plaaslike Geregistreerde Effekte van 1 Oktober 1967 tot en met 1 November 1967 gesluit sal wees en dat die dividende betaalbaar op 1 November 1967 aan die effekte-besitters wat op die datum van sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word:—

Plaaslike Geregistreerde 4½-persenteffekte, 1976.  
Plaaslike Geregistreerde 3½-persenteffekte, 1968/70.  
Plaaslike Geregistreerde 4½-persenteffekte, 1974.  
Plaaslike Geregistreerde 4½-persenteffekte, 1973.  
Plaaslike Geregistreerde 6½-persenteffekte, 1991.

**DEPARTMENT OF FINANCE.**

No. 1472.] [22 September 1967.

Notice is hereby given that the transfer books of the undermentioned Local Registered Stocks will be closed from 1 October 1967, to 1 November 1967, both days inclusive and that the dividends due on the 1st November 1967, will be paid to the stockholders registered at the date of the closing of the transfer books:—

4½ Per Cent Local Registered Stock, 1976.  
3½ Per Cent Local Registered Stock, 1968/70.  
4½ Per Cent Local Registered Stock, 1974.  
4½ Per Cent Local Registered Stock, 1973.  
6½ Per Cent Local Registered Stock, 1991.

## DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSBOU.

No. 1463.] [22 September 1967.

ONTHEFFING VAN SEKERE WONINGS VAN DIE BEPALINGS VAN DIE WET OP HUURGELDE, 1950 (WET No. 43 VAN 1950).

Ek, Willem Adriaan Maree, Minister van Gemeenskapsbou, verklaar hierby ingevolge artikel 33 (1) (g) van die Wet op Huurgelde, 1950 (Wet No. 43 van 1950), dat die woonstelblok wat bekend is as Doncaster Court en wat geleë is te Kerkstraat 18, Empangeni, van huurbeheer onthef is.

W. A. MAREE,  
Minister van Gemeenskapsbou.

No. 1464.] [22 September 1967.

WET OP HUURGELDE, 1950 (WET No. 43 VAN 1950), SOOS GEWYSIG.—ONTBINDING VAN HUURRADE VIR SOVER DIT HULLE REGSBEVOEGDHEID OOR BESIGHEIDSPERSELE BETREF.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Gemeenskapsbou, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (2) van artikel vier van die Wet op Huurgelde, soos gewysig, alle huurraade wat hy kragtens subartikel (1) van artikel 4 van die Wet na 24 Junie 1955 ingestel het ontbind, met ingang vanaf die datum van hul instelling vir sover dit hul regsbevoegdheid oor besigheidsperselle betref.

(Die bogenoemde is 'n herpublikasie van Goewermentskennisgewing No. 1118, gedateer 28 Julie 1967, om die jaartal van die datum reg te stel waar dit in die Engelse teks voorkom.)

No. 1486.] [22 September 1967.

BEPERKINGS OP DIE ONDERVERDELING VAN GROND OF STANDPLASE OF DIE OPRIGTING, VERANDERING EN GEBRUIK VAN GEBOUE TER BEVORDERING VAN SLUMOPRUIMING EN 'N STADSHERNUWINGSKEMA IN 'N SEKERE GEBIED BEKEND AS GEORGETOWN, DISTRIK GERMISTON, PROVINSIE TRANSVAAL.

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Gemeenskapsontwikkelingsraad ingestel kragtens artikel twee van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet No. 3 van 1966), soos gewysig, met die oog op die bevordering van slumopruiming en 'n stadshernuwingskema kragtens die bepaling van paragraaf (e) van subartikel (2) van artikel vyftien van die gemelde Wet, binne die gebied in die bylae hiervan omskryf, die onderverdeling, behalwe met die voorafgaande skriftelike goedkeuring van die gemelde Raad, van grond of standplase binne daardie gebied, of die oprigting of verandering, behalwe met sodanige goedkeuring, van 'n gebou of bouwerk binne daardie gebied, of die gebruik, behalwe met sodanige goedkeuring, van 'n gebou of bouwerk binne daardie gebied vir 'n ander doel as die doel waarvoor so 'n gebou of bouwerk op die datum van die publikasie van hierdie kennisgewing gebruik was, verbied vir 'n tydperk van 10 jaar.

Aandag word voorts daarop gevestig dat enige eienaar van onroerende eiendom in die gebied in die bylae gemeld, wat so 'n eiendom van die hand wil sit, dit soos in paragraaf (a) van subartikel (5) van artikel vyftien van die gemelde Wet uiteengesit, aan die Gemeenskapsontwikkelingsraad te koop moet aanbied, wanneer die verdere bepaling van die gemelde paragraaf (a) op sodanige transaksie van toepassing sal wees.

## BYLAE.

Die gebied bekend as Georgetown, Germiston, begrens deur Joubert-, Stasie-, Railway- en Georgestraat.

## DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT.

No. 1463.] [22 September 1967.

EXEMPTION OF CERTAIN DWELLINGS FROM THE PROVISIONS OF THE RENTS ACT, 1950 (ACT No. 43 OF 1950).

I, Willem Adriaan Maree, Minister of Community Development, hereby declare in terms of section 33 (1) (g) of the Rents Act, 1950 (Act No. 43 of 1950), that the block of flats known as Doncaster Court and which is situated at 18 Church Street, Empangeni, is exempted from rent control.

W. A. MAREE,  
Minister of Community Development.

No. 1464.] [22 September 1967.

RENTS ACT, 1950 (ACT No. 43 OF 1950), AS AMENDED.—DISSOLUTION OF RENT BOARDS AS FAR AS THEIR JURISDICTION OVER BUSINESS PREMISES IS CONCERNED.

It is hereby notified for general information that the Minister of Community Development, under and by virtue of the powers vested in him by subsection (2) of section four of the Rents Act, as amended, dissolves all rent boards constituted by him in terms of subsection (1) of section 4 of the Act after 24 June 1955, in so far as their jurisdiction over business premises is concerned with effect from the date of their constitution.

(The above is a republication of Government Notice No. 1118, dated the 28th July 1967, to correct the year of the date where it appears in the English text.)

No. 1486.] [22 September 1967.

RESTRICTIONS ON THE SUBDIVISION OF LAND OR STANDS OR THE ERECTION, ALTERATION OR USE OF BUILDINGS OR STRUCTURES IN FURTHERANCE OF A SLUM CLEARANCE AND URBAN RENEWAL SCHEME IN A CERTAIN AREA KNOWN AS GEORGETOWN, DISTRICT OF GERMISTON, PROVINCE OF TRANSVAAL.

It is hereby notified for general information that the Community Development Board established in terms of section two of the Community Development Act, 1966 (Act No. 3 of 1966), as amended, has, with a view to the furtherance of slum clearance, and an urban renewal scheme, in terms of the provisions of paragraph (e) of subsection (2) of section fifteen of the aforesaid Act, within the area defined in the schedule hereto, prohibited for a period of 10 years, the subdivision, except with the prior written approval of the said Board, of land or stands within the area or the erection or alteration, except with such approval, of any building or structure within the area, or the use, except with such approval, of any building or structure within the area for a purpose other than the purpose for which such building or structure was being used on the date of publication of this notice.

Attention is also invited to the fact that any owner of immovable property in the area referred to in the said schedule, who wishes to dispose of such property should, as has been laid down in paragraph (a) of subsection (5) of section fifteen of the said Act, offer such property for sale to the said Board, when the further provisions of the said paragraph (a) are applicable to such transactions.

## SCHEDULE.

The area known as Georgetown, Germiston, bounded by Joubert, Station, Railway and George Streets.

## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. 1469.] [22 September 1967.

INSTELLING VAN 'N HOF TE GLEN,  
DISTRIK BLOEMFONTEIN.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (f) van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), bepaal ek, Petrus Cornelius Pelsler—

(a) Glen as 'n plek, benewens Bloemfontein, die landdrossetel, waar hofsittings gehou kan word; en

(b) dat die plaaslike grense waarbinne sodanige hof regsbevoegdheid het, die is soos in die bylae van hierdie kennisgewing omskryf.

P. C. PELSER,  
Minister van Justisie.

## BYLAE.

Vanaf die suidwestelike baken (in die middel van die Modderrivier) van die plaas Bothashoek 415, gemeen aan genoemde plaas en die plaas Molhoek 141, beide in die landdrosdistrik Brandfort; daarvandaan noordwaarts en dan algemeen ooswaarts langs die grense van die volgende plase in die landdrosdistrik Brandfort sodat hulle ingesluit word: Bothashoek 415, Molenhoek 414, Kalkwal 17, Vlakhoek 410, Diephoek 411, Riversdale 562 en restant en Onderverdeling 1 van Armidale 6 tot by die noordoostelike baken van laasgenoemde plaas; daarvandaan noordwaarts in 'n reguit lyn oor die plaas Dorisville 46 tot by die suidwestelike baken van die restant van Paula 1063 aan die Doornspruit; daarvandaan ooswaarts, suidwaarts, noordwaarts en dan algemeen ooswaarts lang die grense van die plase Dorisville 46, Houmoed 516, Tafelkop 587, Inhoek 539, Doornspruit 833, Beste Hoop 777, Onderverdeling 1 van Kareelaagte 75, Erwee 712, Erweena 4, Kareekop 713, Onderverdeling 1 van Olivia 973, Onderverdeling 1 van Spytfontein 252, Inloop 1120, Emden 801, restant en Onderverdeling 1 van Noord Amerika 407, Massa 1097, Di Poort 280, Vaalkoppies 106, Barletta 652, Oskop 279, Jacobsdal 351, Havila 271, Onderverdeling 1 van Welgegund 127 en Onderverdeling 1 van Avondzon 278 sodat hulle ingesluit word, tot by die oostelike baken van laasgenoemde plaas; daarvandaan suidweswaarts langs die grense van die plase Onderverdeling 1 van Avondzon 278 en Onderverdelings 1 en 2 van Uitkijk 276, almal in die landdrosdistrik Brandfort, sodat hulle ingesluit word; daarvandaan verder langs die grense van die volgende plase in die landdrosdistrik Bloemfontein sodat hulle ingesluit word: Kaalfontein 1, Windhoek 1802, Elim 329, Wonderfontein 2102, Olievenrand 1810 en Whittington Noord 842 tot waar die oostelike grens van laasgenoemde plaas die Korannaspruit ontmoet; daarvandaan weswaarts langs die Korannaspruit en verder langs die Modderrivier tot waar die suidwestelike grens van die plaas Waterworks "C" 1558 die middel van die Modderrivier ontmoet; daarvandaan suidweswaarts langs die grense van die plase Waterworks "C" 1558, Waterworks "E" 86, Onderverdeling 2, restant en Onderverdeling 3 van Krantzkraal 134 en Zuurfontein 2022 sodat hulle ingesluit word, tot by die suidelike baken van laasgenoemde plaas; daarvandaan algemeen noordweswaarts langs die grense van die plase Zuurfontein 2022, Onderverdelings 4, 3 en 2 van Mazelspoort 8, restant en Onderverdeling 2 van Bishops Glen 273, Glen View 2216, restant en Onderverdeling 1 van Avenham 2187, restant en Onderverdeling 2 van Bauton 2164, Onderverdeling 14 van Mimosa Glen 885, Onderverdelings 2, 3 en 1 van Fairview 1756, Onderverdeling 2 van Cumbrae 1139, Georgina 2798, Onderverdeling 1 en restant van Cumbrae 1139, Floradale 15, Holme's Dale 95, restant en Onderverdeling 1 van Grasslands 2247 en Onderverdeling 2 en restant van Hopefield 1381 sodat hulle ingesluit word, tot waar die noordwestelike grens van laasgenoemde plaas die middel van 'n spruit ontmoet; daarvandaan langs die middel van laasgenoemde spruit tot waar dit die middel van die Modderrivier ontmoet; daarvandaan noordooswaarts langs die middel van die Modderrivier tot by die aanvangspunt.

## DEPARTMENT OF JUSTICE.

No. 1469.] [22 September 1967.

ESTABLISHMENT OF A COURT AT GLEN,  
DISTRICT OF BLOEMFONTEIN.

Under and by virtue of the powers vested in me by section 2 (f) of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944), I, Petrus Cornelius Pelsler—

(a) appoint Glen as a place for the holding of a court in addition to Bloemfontein, the seat of magistracy; and

(b) prescribe that the local limits within which such court shall have jurisdiction shall be as defined in the schedule to this notice.

P. C. PELSER,  
Minister of Justice.

## SCHEDULE.

From the south-western beacon (in the middle of the Modder River) of the farm Bothashoek 415, common to the said farm and the farm Molhoek 141, both in the Magisterial District of Brandfort; thence northwards and then generally eastwards along the boundaries of and including the following farms in the Magisterial District of Brandfort: Bothashoek 415, Molenhoek 414, Kalkwal 17, Vlakhoek 410, Diephoek 411, Riversdale 562 and remainder and Subdivision 1 of Armidale 6, to the north-eastern beacon of the last-mentioned farm; thence northwards in a straight line across the farm Dorisville 46 to the south-western beacon of the remainder of Paula 1063 on the Doorn Spruit; thence eastwards, southwards, northwards and then generally eastwards along the boundaries of and including the farms Dorisville 46, Houmoed 516, Tafelkop 587, Inhoek 539, Doornspruit 833, Beste Hoop 777, Subdivision 1 of Kareelaagte 75, Erwee 712, Erweena 4, Kareekop 713, Subdivision 1 of Olivia 973, Subdivision 1 of Spytfontein 252, Inloop 1120, Emden 801, remainder and Subdivision 1 of Noord Amerika 407, Massa 1097, Di Poort 280, Vaalkoppies 106, Barletta 652, Oskop 279, Jacobsdal 351, Havila 271, Subdivision 1 of Welgegund 127 and Subdivision 1 of Avondzon 278 to the easternmost beacon of the last-mentioned farm; thence south-westwards along the boundaries of and including the farms Subdivision 1 of Avondzon 278 and Subdivisions 1 and 2 of Uitkijk 276, all in the Magisterial District of Brandfort; thence continuing along the boundaries of and including the following farms in the Magisterial District of Bloemfontein: Kaalfontein 1, Windhoek 1802, Elim 329, Wonderfontein 2102, Olievenrand 1810 and Whittington North 842 to where the eastern boundary of the last-mentioned farm meets the Koranna Spruit; thence westwards along the Koranna Spruit and continuing along the Modder River to where the south-western boundary of the farm Waterworks "C" 1558 meets the middle of the Modder River; thence south-westwards along the boundaries of and including the farms Waterworks "C" 1558, Waterworks "E" 86, Subdivision 2, remainder and Subdivision 3 of Krantzkraal 134, and Zuurfontein 2022 to the southernmost beacon of the last-mentioned farm; thence generally north-westwards along the boundaries of and including the farms Zuurfontein 2022, Subdivisions 4, 3 and 2 of Mazelspoort 8, remainder and Subdivision 2 of Bishops Glen 273, Glen View 2216, remainder and Subdivision 1 of Avenham 2187, remainder and Subdivision 2 of Bauton 2164, Subdivision 14 of Mimosa Glen 885, Subdivisions 2, 3 and 1 of Fairview 1756, Subdivision 2 of Cumbrae 1139, Georgina 2798, Subdivision 1 and remainder of Cumbrae 1139, Floradale 15, Holme's Dale 95, remainder and Subdivision 1 of Grasslands 2247 and Subdivision 2 and remainder of Hopefield 1381, to where the north-western boundary of the last-mentioned farm meets the middle of a spruit; thence along the middle of the last-mentioned spruit to where it meets the middle of the Modder River; thence north-eastwards along the middle of the Modder River to the point of beginning.

No. 1470.] [22 September 1967.

**AFSKAFFING VAN DIE HOF TE ISWEPE, DISTRIK PIET RETIEF.**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (h) van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), skaf ek, Petrus Cornelius Pelser, bogemelde hof af. Goewermentskennisgewing No. 748 van 1955 word ingetrek.

P. C. PELSER,  
Minister van Justisie.

No. 1470.] [22 September 1967.

**ABOLITION OF THE COURT AT ISWEPE, DISTRICT OF PIET RETIEF.**

Under and by virtue of the powers vested in me by section 2 (h) of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944), I, Petrus Cornelius Pelser, abolish the above-mentioned court.

Government Notice No. 478 of 1955 is withdrawn.

P. C. PELSER,  
Minister of Justice.

**DEPARTEMENT VAN MYNWESE.**

No. 1359.] [1 September 1967.

**VOORGENOME DEPROKLAMERING VAN GROND.**

Die Waarnemende Staatspresident is voornemens om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 31 (1) van die „Precious and Base Metals Act”, 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), en daardie artikel soos by artikel 119 van genoemde Wet op onedelmetale van toepassing gemaak, die grond in bygaande bylae beskryf en aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrucke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Barberton, onder R.M.T. 2695 gewaar word, te deproklameer as 'n publieke delwery vir edel- en onedelmetale.

M.M. 15/1/5062.

**BYLAE.**

Beskrywing van grond.	Grootte.	Geregistreeerde eienaar.
Highlands 235 JT, distrik Pelgrimsrus, myndistrik Barberton, provinsie Transvaal	Ongeveer 339 morg 515 vierkante roede	Republiek van Suid-Afrika.

**DEPARTMENT OF MINES.**

No. 1359.] [1 September 1967.

**PROPOSED DEPROCLAMATION OF LAND.**

It is the intention of the Acting State President, under the powers vested in him by section 31 (1) of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), and that section as applied to base metals by section 119 of the said Act, to deproclaim as a public digging for precious and base metals, the land described in the attached schedule and shown on a sketch plan, copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Barberton under R.M.T. 2695.

M.M. 15/1/5062.

**SCHEDULE.**

Description of Land.	Extent.	Registered Owner.
Highlands 235 J.T., District of Pilgrim's Rest, Mining District of Barberton, Transvaal Province	Approximately 339 morgen 515 square rods	Republic of South Africa.

1-8-15-21

No. 1380.] [8 September 1967.

**VOORGENOME DEPROKLAMERING VAN GROND.**

Die Waarnemende Staatspresident is voornemens om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 31 (1) van die „Precious and Base Metals Act”, 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), die grond in bygaande bylae beskryf en aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrucke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Barberton, onder R.M.T. No. 2698 bewaar word, te deproklameer as 'n publieke delwery vir edelmetale.

M.M. 16/8402.

**BYLAE.**

Beskrywing van grond.	Grootte.	Geregistreeerde eienaar.
'n Gedeelte van die plaas Geelhoutboom 565 JT, distrik Pelgrimsrus, myndistrik Barberton, provinsie Transvaal	Ongeveer 16.0 morg	Republiek van Suid-Afrika.

No. 1380.] [8 September 1967.

**PROPOSED DEPROCLAMATION OF LAND.**

It is the intention of the Acting State President, under the powers vested in him by section 31 (1) of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), to deproclaim as a public digging for precious metals the land described in the attached schedule and shown on a sketch plan, copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Barberton, under R.M.T. No. 2698.

M.M. 16/8402.

**SCHEDULE.**

Description of Land.	Extent.	Registered Owner.
A portion of the farm Geelhoutboom 565 JT, District of Pilgrim's Rest, Mining District of Barberton, Transvaal Province	Approximately 16.0 morgen	Republic of South Africa.

8-15-22-29

No. 1386.] [8 September 1967.

**VOORGENOME PROKLAMERING VAN GROND.**

Die Waarnemende Staatspresident is voornemens om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 26 (1) van die „Precious and Base Metals Act”, 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), die grond in bygaande bylae beskryf en aangetoon op 'n kaart deur die Landmeter-generaal op 19 Januarie 1967 onder S.G. A5402/66 goedgekeur, waarvan afdrucke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Pretoria, onder R.M.T. No. 2657 bewaar word, tot 'n publieke delwery vir edelmetale ooreenkomstig hoofstuk IV van gemelde Wet te proklameer.

M.M. 35/319.

**BYLAE.**

Beskrywing van grond.	Grootte.	Geregistreeerde eienaar.
Gedeelte van die plaas Turfbult 404 KQ, distrik Rustenburg, myndistrik Pretoria, provinsie Transvaal	575.1920 morg.	Suid-Afrikaanse Bantotruster.

No. 1386.] [8 September 1967.

**PROPOSED PROCLAMATION OF LAND.**

It is the intention of the Acting State President, under the powers vested in him by section 26 (1) of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), to proclaim as a public digging for precious metals in terms of chapter IV of the said Act, the land described in the attached schedule and as shown on a diagram approved by the Surveyor-General under S.G. A5402/66, on the 19th January 1967, copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Pretoria, under R.M.T. No. 2657.

M.M. 35/319.

**SCHEDULE.**

Description of Land.	Extent.	Registered Owner.
Portion of the farm Turfbult 404 KQ, District of Rustenburg, Mining District of Pretoria, Transvaal Province	575.1920 morgen	South African Bantu Trust.

8-15-22-29



No. 1471.] [22 September 1967.

## VERDELING VAN DIE REPUBLIEK IN MYNDISTRIKTE.

